

Jan Steyn preek 1 Oktober 2017

Teks: Matteus 22:1-14

Tema: Vreemde bruilof

Inleiding:

Dit is van die begin af duidelik dat Jesus hierdie gelykenis vertel om iets sê oor lewe in die koninkryk van God. Hy gebruik net 'n alledaagse beeld of prent van die huwelik of bruilof om dit te kan sê. Die eerste wat ons egter moet verstaan van hierdie huwelik is dat dit geen gewone huwelik is nie. Dis 'n koninklike huwelik. Die koning bied dit aan vir sy seun. Die koning hier is natuurlik God en die seun is Jesus. Hierdie gelykenis beeld die koms van God se koninkryk na hierdie aarde toe in Christus Jesus uit. Die huwelik is die bruilofsmaaltyd van die lam- die spesiale ete wat ons eendag saam met mekaar en God en die Messias of ons Redder in die ewige lewe sal geniet. Hierdie beeld van die hemelse ete beteken soos eet in die Bybel beteken het dat ons met God en met mekaar in gemeenskap, in saamwees en eenwees sal verkeer in die ewigheid.

Die koning in die gelykenis stuur slawe uit om die genooies na die bruilof te roep of uit te nooi. Niemand word gedwing of gedreig om te kom nie. Hulle word uitgenooi. Hierdie eerste genooies is natuurlik Israel of die Joodse volk wat die Ou Testament God se uitverkore volk is met wie Hy in hierdie spesiale verhouding staan. Die slawe wat Israel gaan uitnoodi het, is die profete van die Ou Testament. Maar hulle wou nie kom nie. Israel het eerder die gode van ander volke gevolg as om ander volke te nooi om hulle God te volg.

Die koning is egter hierdie geduldige man. Mense vergeet soms as die uitnodiging te lank voor die tyd uitgaan- hy stuur ander slawe om die genooies te gaan uitnoodi. Hierdie tweede groep slawe wat God uitstuur is Johannes die Doper en Jesus en Sy dissipels. Hulle nooi almal mense uit na God toe. Ons weet aanvanklik is Johannes die Doper en Jesus self en Sy dissipels se eerste uitnodiging steeds aan Israel. Hier het mense twee reaksies:

Hulle steur hulle nie aan die uitnodiging nie- dit traak my nie. Dit raak my nie. Ek is besig- een moet na sy stuk grond of plaas toe gaan. Dis parstyd, ons maak kuilvoer, dis saaityd, dis oestyd. Nou moet jy nie lol met ander goed nie. Iemand anders gaan na sy werkplek toe- hier is altyd deadlines, as ons nie werk nie, kom daar nie meer nuwe besigheid in nie, as ons nie deliver nie, verloor ons kliente. Die dinge van die gewone lewe is baie meer belangrik as die dinge van die ewige lewe. Jy kan altyd later bid of kerk toe gaan of jou lewe met God regmaak- hierdie werk moet nou gedoen word! Wat dringend is word so eerste gestel bo wat werklik belangrik is.

Die tweede reaksie op die koning se tweede stel slawe wat die uitnodiging tot die bruilof bring is nie net dit traak ons nie of ons is met ander dinge besig nie. Party het sy slawe gegryp en mishandel en doodgemaak. Dink maar aan Johannes die Doper wie se kop afgekap is. Jesus self is gekruisig en van Sy dissipels soos Paulus was in die tronk, was gegezel en het waarskynlik 'n marteldood gesterf.

Ons sien die koning raak uiteindelik kwaad en laat die stad van hierdie mense (veral die Joodse leiers) wat Sy boodskappers vermoor en mishandel het aan die brand steek. Hier word waarskynlik gedink aan die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine in 70 na Christus.

Op die ou end besluit die koning die eerste genooies die Jode is nie die moeite werd nie. Sy slawe word die derde keer uitgestuur- hulle moet na die straathoeke gaan en soveel mense as wat hulle kan na die bruilofsfees toe nooi. Maak nie saak watter nasie hulle is nie. Hier gaan die dissipels van Jesus na die heidennasies toe met die uitnodiging, hulle wat nooi gedink het dat hulle plek aan die feestafel van die koninklike bruilofsfees sou kry nie.

Iets wat my in hierdie verhaal opgeval het, is die verwysing na die man wat nie bruilofsklere aangehad het nie. Dit het miskien baie vir ons te sê as kinders van die Here.

Die man sonder bruilofsklere:

Dit was eerstens 'n geweldige belediging vir die gasheer van die troue as jy by die troue sonder die regte klere sou opdaag. As jy byvoorbeeld met jou vuil werksklere daar sou opdaag, sou jy daarmee te kenne gee dat jy nie veel erns aan die geleentheid heg nie. Dis maar vir jou iets gewoon om by hierdie bruilofsfees te wees. Mense het hul beste en skoonste klere aangetrek of mooi klere geleen of gehuur om reg aangetrek by 'n huweliksfees aan te kom.

Een man kom sonder die regte klere daar aan. Wat is die betekenis daarvan? Galasiërs 3 gee ons dalk meer agtergrond: So vertaal die Direkte Vertaling dit: Julle is immers almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek. Om Christus soos 'n kleed aan te trek beteken dat jy het jou ou lewe waar die sonde baas was uitgetrek en nou die nuwe lewe aangetrek waar jy nou onder Christus se gesag of outoriteit staan. Daar is dus nie iets aan die buitekant vir jou nuut aangetrek nie, maar hier aan die binnekant van jou lewe. Een engelse skrywer stel hierdie bruilofskleed dan gelyk met gehoorsaamheid en getrouheid. Hierdie beeld van die man sonder bruilofsklere herinner en waarsku ons maar weer dat ons nie die kerkbank moet warm sit sonder dat ons lewe verander het nie. Die genade skryf iemand word vir ons noodlottig as ons onself Christene noem maar ongestoord aangaaan soos ons altyd aangegaan het of maar leef soos almal om ons leef.

Wat vertel hierdie teks ons oor die uitverkiesing?

Die uitverkiesing werk volgens ons gelykenis soos hierdie uitnodiging na 'n bruilofsfees of huweliksfees. Alle mense word genooi, ook die Jode. Goeies en slegte mense word genooi. Sodat jy nie dink jy om een of ander rede in jouself voor ander by God staan nie. Ons teks lees alle mense word deur God geroep. Sommige neem die uitnodiging aan en ander weier dit of ignoreer dit. In die aanvaarding van die uitnodiging word jou uitverkiesing eers werklik. Jou ontvanklikheid vir die uitnodiging getuig of jy uitverkies is of nie.

God stuur die uitnodiging na jou en my om deel te wees van die ewige bruilofsfees deur ons saak nou met Hom reg te maak. Hy dwing nie, Hy forseer nie, Hy nooi jou uit. Maar jy moet reageer op die uitnodiging. Jy moet antwoord. Kyle Idleman sou dit beskryf as dat jy nie hierdie fan of aanhanger van Jesus moet wees nie, maar Sy follower of dissipel.

Slot:

Die Duitse teoloog Helmuth Thielicke skryf oor hierdie gelykenis: Die feit dat ons van kleins af Christelik grootgemaak is, het die ironiese uitkoms gehad dat dit ons verwondering oor die God in wie ons glo van ons af weggeneem het. Dis soos iemand wat langs die see grootgeword het. As jou maatjies uit die binneland kom kuier, kan hulle nie genoeg kry van die strand en die branders en swem en surf en die mooi meisies in hul swemklere nie. Dit traak jou nie juis nie- jy is dit alles al gewoon. Ons kan so werk met God se genade- dit traak my nie juis nie- ek is dit alles al gewoon. Dan hoor ons nie meer die wonder van die Koning se uitnodiging om te kom nie. Dan word die bonatuurlike en buitengewone genade van God vir ons iets alledaags en gewoon. En dan dien ons God uit gewoonte of bygelowigheid of roetine en nie omdat ons bly en dankbaar is Sy uitnodiging was ook vir jou en my nie. Of wat Sy uitnodiging aan my Hom gekos het nie.

Mag die Here die diep vreugde van mense wat aan Hom behoort en Sy uitgenooides is by ons as Sy kinders en SY kerk kom vestig en herstel. En mag ons lewens die vrugte en die vreugde dra wat by kinders van die Here se bekering en nuwe lewe pas. Sodat ander deur ons hulle uitnodiging na die fees sal hoor.

Amen

